Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Carlo Adriaans**
Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur
Carlo.Adriaans@westerncape.gov.za | 021 467 9255

Lêerno.: 14/2/4/ASS
Verwysing: 20241118-8553

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0004/2025

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, VKO-bestuurders en Prinsipale van VKO-sentrums

**Onderwerp: Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Jaarlikse Skoolopname (JSO) vir openbare en onafhanklike Vroeëkindontwikkeling- (VKO-) sentrums in 2025**

1. Die JSO moet op **04 Maart 2025**, (die eerste Dinsdag in Maart), deur die prinsipaal op SOBIS voltooi en afgeteken word. Prinsipale moet die akkuraatheid van die leerder- en personeeldata op SOBIS afteken. VKO-bestuurders moet die data van die JSO teen die sperdatum op **11 Maart 2025** afteken.

2. Voor die prinsipaal op SOBIS afteken, moet die volgende afgehandel wees:
   (a) Alle leerders wat geregistreer is en in 2025 die VKO-sentrum sal bywoon, is volgens hul regte grade, klasse en kategorie vir taal van onderrig en leer op SOBIS ingevoer.
   (b) Leerders se huistale is gekontroleer en bygewerk.
   (c) Leerderoorplasings (in en uit) is afgehandel.
   (d) Afgestorwe leerders is gederegistreer en die "date deceased" aangebring, soos dit op die doodsertifikaat verskyn.
   (e) Die lys van opvoeders/praktisyns op SOBIS is bygewerk en gekontroleer. Die aantal jare werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2025 onderrig sal word, is ook bygewerk. Vorige jare se grade en vakke wat nie meer op die opvoeder/praktisyn se 2025-werkslading van toepassing is nie, moet verwyder word.
   (f) Alle vertoon- en vasleggingskerms asook foutverslae moet gekontroleer word voordat die aftekenafdeling van die opname beskikbaar sal wees.
   (g) Prinsipale word herinner aan hul rol as institusionele Onderwysbestuursinligtingstelsel- (OBIS-) beamptes en moet verseker dat die inligting wat gedurende die JSO vasgelê is, 'n akkurate weerspieëling is van die leerder- en personeelgetalle by die skool op die dag.
   (h) Prinsipale moet verder verseker dat die leerdergetalle wat op die JSO ingevoer is, akkuraat is, aangesien die wanvoorstelling van leerdergetalle as bedrog beskou word.

3. Verskeie foutverslae is as riglyne beskikbaar gestel om die verifikasie van leerder- en personeeldata vir VKO te vergemaklik en te sorg dat die bestaande data wat op SOBIS ingevoer is, korrek vertoon.

4. ’n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer. Indien ’n leerder nie in besit van ’n geldige identiteitsnommer is nie, stel asseblief die ouer/voog in kennis van die proses om aansoek te doen vir ’n identiteitsdokument by die Departement van Binnelandse Sake. Prinsipale se aandag word gevestig op Omsendbrief 0053/2021, oorspronklik gedateer as 31 Augustus 2021 en weer uitgereik op 09 Maart 2022, oor die toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse of buitelandse leerders en word versoek om ouers/voogde by te staan en waar moontlik die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

5. Indien enige probleme met die voltooiing van hierdie opname ondervind word, kontak gerus die volgende tersaaklike VKO-bestuurder of die programadministrateur wat ondersteuning bied (SPA) hieronder:

| Distrik | Distriksamptenaar | Ampstitel | Tel. | E-pos |
|---|---|---|---|---|
| Kaapse Wynland | Megan Shoyer | SPA | 023 348 4656 | Meagan.Shoyer@westerncape.gov.za |
| | Egan Van Wyk | SPA | 023 348 4600 | Egan.VanWyk@westerncape.gov.za |
| | Sophia Kariem | Waarnemende VKO-bestuurder | 023 348 4611 | Sophia.Karriem@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentrale Karoo | Denica Booysen | SPA | 044 803 8337 | Denica.Booysen@westerncape.gov.za |
| | Mkhuseli Mqamelo | SPA | 044 803 8314 | Mkhuseli.Mqamelo@westerncape.gov.za |
| | Lucretia Roux | VKO-bestuurder | 044 803 8335 | Lucretia.Roux@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Saar-rah Sedan | SPA | 021 514 6946 | Saar-rah.Sedan@westerncape.gov.za |
| | Unathi Mazwana | SPA | 021 514 6726 | Unathi.Mazwana@westerncape.gov.za |
| | Zaahier Jacobs | Waarnemende VKO-bestuurder | 021 514 6766 | Zaahier.Jacobs@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Diego Gertze | SPA | 021 900 7222 | Diego.Gertze@westerncape.gov.za |
| | Brittany Kardinal | SPA | 021 900 7099 | Brittany.Kardinal@westerncape.gov.za |
| | Michelle Liedemann | VKO-bestuurder | 021 900 7221 | Michele.Liedeman@westerncape.gov.za |
| Metro-Noord | Tracey-lee Arendorf | SPA | 021 938 3013 | Tracey-Lee.Arendorf@westerncape.gov.za |
| | Craig Karelse | SPA | 021 938 3013 | Craig.Karelse@westerncape.gov.za |
| | Kaydy Cheng | Waarnemende VKO-bestuurder | 021 938 3174 | Kaydy.Cheng@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Loren Andries | SPA | 021 374 4107 | Loren.Andries@westerncape.gov.za |
| | Enrico Dankers | SPA | 021 374 4108 | Enrico.Dankers@westerncape.gov.za |
| | Andrea Bianchi | VKO-bestuurder | 021 374 4107 | Andrea.Bianchi@westerncape.gov.za |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Overberg | Andrew-Paul Theunis | SPA | 028 214 7300 | Andrew-Paul.Theunis@westerncape.gov.za |
| | Thato Raphoto | SPA | 028 214 7300 | Thato.Raphoto@westerncape.gov.za |
| | Simon Speelman | Waarnemende VKO-bestuurder | 028 214 7335 | Simon.Speelman@westerncape.gov.za |
| Weskus | Marion Conradie | SPA | 021 860 1269 | Marion.Conradie@westerncape.gov.za |
| | Ricco Du Plessis | SPA | 021 860 1268 | Ricco.duplessis@westerncape.gov.za |
| | Sally Meyer | VKO-bestuurder | 021 860 1201 | Sally.Meyer@westerncape.gov.za |

6. Die kwaliteit van die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) se data sal aan norme-en-standaarde-oordragbetalings gekoppel word. Prinsipale sal die nakomingsverslae van OBIS-data via SOBIS bekom. Prinsipale moet die JSO-prosesse koördineer om te verseker dat data korrek ingevoer, tydig voltooi en dienooreenkomstig afgeteken is.

7. Die Direktoraat: Kennis- en Inligtingsbestuur sal nakoming en die kwaliteit van die data van alle JSO-voorleggings monitor en alle gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge by die Hoof van Onderwys aanmeld.

8. Onafhanklike VKO-sentrums se aandag word weereens gevestig op hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-12-13